<p>Die EERSTE PAT vereis dat die kandidaat die hele proses voltooi, vanaf die kies van 'n ontwerpelement tot by die produseer van 'n eerste produk, bv. dekorstelontwerp:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kies 'n, teks (drama-item) • Analiseer die teks • Doen navorsing oor die tydperk, genre, gegewe omstandighede, karakters, verhoogruimte en sosiale, politieke, godsdienstige, ekonomiese, artistiese, historiese en teaterkontekste • Kies en motiveer die geskikste verhoogruimte • Skep 'n uiteensetting en dui aan waar en hoe watter ontwerp-komponent gerealiseer sal word • Identifiseer die 3 ontwerp-komponente en kies die eerste een van drie, bv.: <ul style="list-style-type: none"> ○ Dekorstel ○ Kostuums ○ Beligting • Kies en stel die ontwerp-ondersteuningspan aan • Dinkskrum idees • Pas ontwerpelemente toe: lyn, kleur, tekstuur, vorm, ruimte, beweging en fatsoen op die: <ul style="list-style-type: none"> ○ Grondplan ○ Skaaltekening en die stel ○ Miniatur stel • Teken aan en besin oor al die take hierbo in jou ontwerpjoernaal/notaboek 	<p>Die TWEEDE PAT vereis dat die kandidaat die hele proses voltooi, vanaf die kies van 'n ontwerpelement tot by die produseer van 'n tweede produk, bv. kostuum. Die twee produkte moet 'n geïntegreerde geheel vorm.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas die navorsing van die manuskrip/drama-item, die tydperk, genre, gegewe omstandighede, karakters, verhoogruimte en sosiale, politieke, godsdienstige, ekonomiese, artistiese, historiese en teaterkontekste vir PAT 1 op PAT 2 se ontwerp-komponent toe • Gebruik PAT 1 se uiteensetting van die manuskrip/items en identifiseer die styl, tipe, tydperk, ens. van die kostuums • Behou en kies 'n ander ontwerpspan. Stel hulle aan. • Dinkskrum idees • Pas ontwerpelemente: lyn, kleur, tekstuur, vorm, beweging, en fatsoen toe op die: <ul style="list-style-type: none"> ○ Tekeninge van die kostuums ○ Maak tot twee kostuums met herwinde materiaal of beskikbare klere • Teken aan en besin oor al die take hierbo in jou ontwerpjoernaal 	<p>Die DERDE PAT vereis dat die kandidaat die hele proses voltooi, vanaf die kies van 'n ontwerpelement tot by die produseer van 'n derde en finale produk, bv. beligting: (let op die beligtingskleure/effekte wat toegepas kan word deur die inkleur van die stelmodel en meubels of deur projeksie van 'n flitslig deur kleurjelle. Die drie produkte moet 'n geïntegreerde geheel vorm.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas die navorsing van die manuskrip/drama-item, die tydperk, genre, gegewe omstandighede, karakters, verhoogruimte en sosiale, politieke, godsdienstige, ekonomiese, artistiese, historiese en teaterkontekste vir PAT 1 op PAT 3 se ontwerp-komponent toe • Gebruik PAT 1 se uiteensetting van die manuskrip/item en identifiseer die tipe, effekte, ens. van die beligting • Behou en kies 'n ander ontwerpspan. Stel die span aan. • Dinkskrum idees • Pas ontwerpelemente: lyn, kleur, tekstuur, vorm, ruimte, beweging, en fatsoen toe op die: <ul style="list-style-type: none"> ○ Stelmodel • Teken aan en besin oor al die take hierbo in jou ontwerpjoernaal
TEGNIËSE TEATER		
PAT 1	Stel: Ontwerp: https://www.youtube.com/watch?v=Jo8ccp6KZXI Stel: Ontwerp: https://www.youtube.com/watch?v=3DHcON8JKhY Stel: Ontwerp: https://www.wikihow.com/Design-a-Stage-Set Stel: Teken van 'n skets: https://www.youtube.com/watch?v=aseFgW0AMZo Stel: Teken van 'n skets: https://www.youtube.com/watch?v=XYXBvdyPKRs Bou 'n verhoogstelmodel: https://rb.gy/nlcy77	
PAT 2	Kostuumontwerp: https://study.com/academy/lesson/costume-design-definition-history-process.html Kostuumontwerp: https://burtsdrama.com/stage-designers-lesson-6-costume-design/	
PAT 3	Beligtingsontwerp: https://www.youtube.com/watch?v=wqMYsjHU5rU https://www.youtube.com/watch?v=YuhK6q4XALU	
<p>LET WEL: Soos met die KABV-onderwerpe verskaf hierdie PAT-riglyn vir Ontwerp nie die proses, pedagogie of metodologie van die onderrig, leer en assessering van hierdie drie PAT'e nie. Dit is elke individuele onderwyser se opleiding en verantwoordelikheid moet toegepas en getoon word. Daarom is dit noodsaaklik dat slegs onderwysers wat FORMELE ondervinding, bevoegdheid of 'n kwalifikasie in hierdie veld het, hierdie opsie aan leerders bied.</p>		

3.8 VERHOOGBESTUUR

LET WEL: Slegs onderwysers wat formele opleiding, 'n kwalifikasie of ervaring van filmvervaardiging het, mag hierdie opsie onderrig.

LET WEL: Kandidate moet 'n drama-item/kort eenmantoneelstuk kies wat daarvoor voorsiening maak dat die filmvervaardiger rekwisiete, beligting, klank, kostuums, ens. gebruik.

PAT 1, 2 en 3 en BYGAANDE UITKOMSTES en KONTROLELYSTE

PAT 1	PAT 2	PAT 3
<p>Die eerste PAT vereis dat die kandidaat die volgende te voltooi:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n posbeskrywing vir 'n verhoogbestuurder • Kies 'n gepubliseerde vyfminute-eenmanvertoningteks. Maak seker dat die toneelstuk van hoë gehalte is. Indien dit op die internet gekry is, maak seker die webtuiste het 'n goeie reputasie. • Doen 'n toneeluiteensetting van die teks • Plak die teks in jou verhoogbestuur-souffleursboek. Gebruik die korrekte konvensies, bv. verhoogareas moet as 'USR' vir 'Up Stage Right' aangeteken word, ens. • Analiseer die teks en bied jou bevindinge in die vorm van 'n geskrewe joernaal aan vir: <ul style="list-style-type: none"> ○ Navorsing oor die tydperk, genre. Analise van die gegewe omstandighede, karakters, verhoogruimte en sosiale, politieke, godsdienstige, ekonomiese, artistiese, historiese en teaterkontekste • Identifiseer en noem, per toneel, die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ○ Dekorstel ○ Meubels ○ Rekwisiete • Kies en motiveer die geskikste verhoogopvoeringsruimte vir die opvoer van die eenmanvertoning • Visualiseer die dekorstel: plasing van meubels, vensters, deure, trappe, ens. • Teken 'n vloerplan volgens meter herlei na sentimeter en gebruik verhoogterminologie • Sit die rekwisietetafel per toneel uiteen, en dui aan waar jy die rekwisiete sal plaas • Teken aan en besin oor al die take hierbo in jou verhoogbestuur-souffleursboek/notaboek 	<p>Die tweede PAT vereis dat die kandidaat die volgende te voltooi:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Visualiseer die karakter se bewegings en blok dit met betrekking tot beweging in die ruimte (verhoogareas) en die gebruik van meubels en dekorstel • Vanaf bladsy een van die teks, teken 'n vloerplan van die opvoerruimte op al die ruimtes oopgelaat, bv. proscenium-verhoog: • Teken alle bewegings waargeneem aan met die gebruik van gepaste afkortings en verwysing na meubels en dekor • Teken aan en besin oor al die take hierbo in jou verhoogbestuur-souffleursboek/notaboek 	<p>Die derde PAT vereis dat die kandidaat die volgende verhoogbestuurprosesse voltooi:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stel voor waar daar beligting- en klankseine kan wees en merk dit in die teks • Dui klankseine, luidsprekerkeuse en klankvlak aan, met geskikte antisipasiemerkers. Die klankvlak is geskik vir die opvoerruimte • Dui alle 'LX'-seine en geskikte antisipasiemerkers aan. Noteer die beligtingsarea en ligintensiteit geskik vir die opvoerruimte asook tydsberekening • Verskaf 'n volledige rolverdelingslys vir elke toneel met volledige kontakbesonderhede via verskillende kommunikasiemediums • Skep 'n voorvertoning-roepskedule ('call schedule') • Verskaf 'n geskikte protokol vir opening- en afsluit-prosedures met roepe en tydsberekening asook die impulse benodig • Stel 'n voorvertoning-kontrolelys op • Teken aan en besin oor al die take hierbo in jou verhoogbestuur-souffleursboek/notaboek • Die kandidaat kom aan vir die onderhoud, lê 'n volledige verhoogbestuurder-souffleursteks voor en verskaf insiggewende, goed gemotiveerde en gefokusde antwoorde op vrae deur die eksamenpaneel gevra

Algemeen	Die verhoogbestuurder	https://slideplayer.com/slide/14966532/
PAT 1	Die verhoogbestuurder	https://www.wikihow.com/Become-a-Good-Stage-Manager
	Verhoogbestuurder-souffleur- en notaboek	https://www.researchgate.net/figure/Actions-that-people-other-than-the-stage-manager-must-perform-highlighted-in-the-second_fig3_333518202/download
	Rekwisietetafel	https://www.google.com/search?q=stage+manager+props+table&tbm=isch&ved=2ahUKEwiigrPX5OLxAhURXxoKHb6RA4oQ2-cCeqQIABAA&oq=stage+manager+props+table&gs_lcp=CgNpbWcQA1CUncZYjrwYmNcJmgAcAB4AIAB3AOIAdAckgEIMi0xMC4yLjGYAQCGAQGgAQQnd3Mtd2l6LWltZ8ABAQ&sclient=img&ei=o_buYOKkMJG-ab6jItAl&bih=474&biw=1011&rlz=1C1GCEA_enZA867ZA867&hl=en https://www.youtube.com/watch?v=LdcBlquAV98
	Vloerplan	https://www.google.com/search?q=stage+manager+floor+plan&tbm=isch&ved=2ahUKEwiR9YiF5-LxAhX1gM4BHRC9CfUQ2-cCeqQIABAA&oq=stage+manager+floor+plan&gs_lcp=CgNpbWcQAzoCCAA6BggAEAUQHjoGCAAQCBAeOgQIABAYULLWAVjZ8QFg6PYBaABwAHgAgAH8AYgBxBKSAQQyLTEwmAEAoAEBggELZ3dzLXdpei1pbWfAAQE&sclient=img&ei=HPnuYJH3GvWBur4PkPqmqA8&bih=474&biw=1011&rlz=1C1GCEA_enZA867ZA867&hl=en
PAT 2	Blok	https://www.youtube.com/watch?v=7xOuqCJNevU https://www.youtube.com/watch?v=AsVbC_IrSAQ
PAT 3	Beligting en klankseine	https://www.teatercrafts.com/pages/home/topics/lighting/lx-cues/
	Roeplys	https://www.youtube.com/watch?v=7dJRF0OW2aE
	Opening- en afsluitings-prosedure	https://www.youtube.com/watch?v=zWSk5LGgUb4
	Voorvertoning-kontrolelys	https://sites.google.com/site/bethelparkcrew/stage-management
LET WEL:	Soos met die KABV-onderwerpe, verskaf hierdie PAT-riglyn vir verhoogbestuur nie die proses, pedagogiek of metodologie van onderrig, leer en assessering van hierdie drie PAT'e nie. Elke individuele onderwyser se opleiding en verantwoordelikheid moet getoon en toegepas word. Daarom is dit noodsaaklik dat slegs onderwysers wat FORMELE ervaring, vaardigheid of 'n kwalifikasie op hierdie terreine het, hierdie opsie aan leerders bied.	

3.9 AFWESIGHEID OF NIE-INLEWERING VAN TAKE

Afwesigheid of nie-inlewering van PAT'e sal tot 'n ONVOLLEDIGE punt lei. Slegs indien 'n geldige mediese sertifikaat op die dag wat die leerder na die skool terugkeer, ingelewer word, kan 'n ander sperdatum vir die inlewering of opvoer van die PAT deur beide die onderwyser en die leerder vasgestel word. Geen leerder mag 'n nulpunt kry vir die PAT nie. Die leerder moet 'n geleentheid gebied word om dit weer te probeer of weer in te lewer.

3.10 VEREISTES VIR AANBIEDING

Sien die lys van Minimum Hulpbronne, Geriewe, Toerusting, Hulpbronne (LOOM), Roosterbeplanning, ens. wat ingestel moet wees voordat die PAT'e onderrig, geïmplementeer en geassesseer word. Hierdie hulpbronne moet aan die onderwysers en leerders beskikbaar wees om die drie PAT'e te kan voltooi.

Die onderwyser moet 'n lesplan vir AL die onderwerpe wat deur 'n spesifieke PAT gedek word, opstel. Verder moet 'n duidelike assesseringsopdrag met gedetailleerde instruksies met die leerders bespreek word.

3.11 TYDRAAMWERKE

Onderwysers:

Onderrig, administreer, assesseer, teken aan en rapporteer oor een PAT per kwartaal 1, 2 en 3.

Geskrewe kommunikasie oor die presiese, nie-onderhandelbare datums vir die inlewering of opvoer van die PAT'e moet gegee word.

Leerders:

Maak seker dat jy die assesseringsopdrag en -instruksies volg. Lewer in of voer jou PAT betyds op om seker te maak dat jy 'n punt ontvang.

3.12 VERKLARING VAN EGTHEID

Praktiese take is nie tot 'n opvoering beperk nie. Die PAT-take (1, 3 en 5) is voorbereiding vir jou middel-van-die-jaar-, proef- en jaareind- geskrewe en opvoereksmens. Integreer die teoretiese aspek van die PAT met die praktiese aspek.

Doen beplanning, voorbereiding, navorsing, vaardigheidsontwikkeling en besinning voordat jy jou opstel, navorsingstaak of werksopdrag inlewer.

Repeteer jou opvoeritems totdat jy dit glad en met selfvertroue kan opvoer.

Daar sal van leerders verwag word om praktiesgebaseerde vrae in hulle finale geskrewe vraestel te beantwoord met gebruik van 'n teoretiese raamwerk in hulle finale geskrewe vraestel.

VERKLARING VAN EGTHEID	
Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en deur beide die leerder en onderwyser onderteken word en dek alle bewyse wat ingelewer word.	
Leerder se naam en van:	Datum:
Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK alles by eie werk is en dat dit nie werk insluit wat deur iemand buiten myself voltooi is nie. Ek het hierdie taak volgens instruksies en binne die voorgeskrewe tydsbeperkings voltooi.	
Leerder se handtekening:	Datum:
Onderwyser se bevestiging	
Naam (sentrum se naam), Ek bevestig dat die bogenoemde leerder, sover my kennis strek, die enigste outeur van die voltooide, aangehegte werksopdrag is en dat die assessering onder die vereiste omstandighede voltooi is.	
Onderwyser se handtekening:	Datum:
Skoolhoof se handtekening:	Datum:

4. BRONNELYS

Die vak Dramatiese Kunste, soos ander vakke, vereis spesifieke bronne sodat effektiewe onderrig, leer, aanbiedings en opvoerings behaal kan word. Beamptes van die Departement van Basiese Onderwys het 'n verantwoordelikheid om te verseker dat daar 'n ingeligte en toegewyde benadering is en dat die minimum vereistes ingestel is om integriteit in die onderrig en leer van die vak te verseker.

Dit is belangrik om kennis te neem dat hierdie bronne nie duur of uitspattig hoef te wees nie. Dit is net so belangrik dat indien 'n skool nie in staat is om hierdie vakspesifieke bronne te verskaf nie, die vak verkieslik nie aangebied moet word nie. Leerders sal benadeel word indien bronne soos die DBO-goedgekeurde handboek, die voorgeskrewe dramatekste, stoele en 'n redelik funksionele ruimte/lokaal vir praktiese werk nie beskikbaar is nie. (Deur die jaarlikse norme en standaarde, maak die DBO voorsiening dat die minimum bronne vir elke vak wat deur 'n skool aangebied word, aangekoop moet word. Die skoolbestuurskomitee of die ekwivalent van hierdie liggaam, het die opdrag om te verseker dat daar aan elke vak se behoeftes voldoen word.) Onderwysers moet in November/Desember van die vorige jaar verseker dat die volgende basiese bronne in die Dramatiese Kunste-klas beskikbaar is vir 'n funksionele begin van die nuwe jaar:

MENSLIKE HULPBRONNE

'n Onderwyser met 'n toepaslike dramakwalifikasie moet die KAVB en die jaarlikse program van assessering, wat die drie PAT'e insluit, onderrig en assesser. 'n Onderwyser met gepaste kwalifikasies vir hierdie vak kan die volgende agtergrond hê:

- BA (Baccalaurus Artium) (hoofvak Drama)
- BEd (Baccalaurus in Opvoedkunde) (hoofvak Drama)
- Lisensiaat in Dramaonderrig, Trinity College
- Diploma van LAMDA
- Of enige ander amptelik geakkrediteerde kwalifikasie met 360 krediete in Drama
- Saam met die bogenoemde, 'n eenjaar- nagraadse sertifikaat in onderwys of 'n diploma in opleiding.

Let daarop dat die volgende NIE 'n toepaslike of voldoende kwalifikasies is om Dramatiese Kunste te onderrig NIE:

- Die skeppende kunste-onderwyser
- 'n Akteur/Aktrise
- 'n Drama-entoesias
- Die Engels-taalonderwyser
- Die Dansstudies-onderwyser

LOOM ('LTSM'): TOERUSTING EN GERIEWE

Leerders moet met die gebruik van ruimte/spasie, vlakke, ingange en uitgange eksperimenteer. Die volgende basiese items sal die geleentheid bied om leë spasies kreatief met stelstukke, ens. te vul:

- 'n Dubbel-klaskamer, of 'n oop spasie
- 4 x houtblokke/kubusse/plastiekkratte/stoele of 'n bekostigbare alternatief
- 4 x plat skerms/hangende lappe/kartonbokse of 'n bekostigbare alternatief
- 4 x verhoogtrappe of 'n bekostigbare alternatief
- Tafels en stoele dien as dekorstukke
- Die volgende is nie vereistes nie, maar sal voordelig wees: 'n verhoog, beligting en klankgeriewe

4.3 LOOM ('LTSM'): VERWYSING

- 1 x DBO-goedgekeurde handboek per leerder
- 1 x DBO-goedgekeurde handboek per Dramatiese Kunste-onderwyser
- 3 x dramatekste, 1 vir elk van die genres gekies, 3 x per leerder
Fotokopieë van enige van die bogenoemde is **onwettig** en kan skole blootstel aan hofgedinge deur uitgewers, handboekskrywers en dramaturge
- 1 x werkboek per leerder
- 1 x lêer/boks vir die onderwyser om beplanning en administrasie vir moderering veilig te bewaar
- 1 x lêer/boks vir die onderwyser om leerder-assesseringsbewyse vir moderering veilig te bewaar
- 1 x swart T-hemp/gemaklike top + swart langbroek + skoene vir leerders se praktiese werk
- Uitstappies: 1 x per kwartaal na 'n professionele toneelstuk/drama
- Die volgende is nie 'n vereiste nie, maar sal voordelig wees: 'n DVD van 'n professionele verhoogopvoering van 'n dramateks in elk van die genres en dramatiese bewegings. Die leerders moet begrip en toegepaste vaardigheid in, byvoorbeeld, die volgende toon:
 - Commedia dell' arte *Scapino* deur Moliere
 - Afrika-dramavorms, Afrika-mites, Storievertel, bv. *Have you seen Zandile*
 - Griekse Teater: *Antigone* deur Sophocles
 - Suid-Afrikaanse teater: enige werke/werkswinkeldramas
 - Elizabethaanse teater: *Romeo and Juliet* deur William Shakespeare
 - Realisme: *Hedda Gabler* deur Gina Hlope
 - Epiese teater: *Kaukasiese Krytsirkel* deur Bertolt Brecht
 - Teater van die Absurde: *Afspraak met Godot* deur Samuel Beckett
 - Postmoderne Teater: *Top girls* deur Carol Churchill
 - Suid-Afrikaanse Teater voor 1994: *Woza Albert!* deur M Ngema, P Mtwa, B Simon
 - Suid-Afrikaanse Teater ná 1994: *Mis* deur Reza de Wet
- Die dramatekste hierbo is SLEGS voorbeelde. Dit is nie moontlik om alle voorbeelde te noem nie. Verbreed die reeks opsies en kies die geskikste dramateks vir die dramatiese beweging of genre.

4.4 ARTIKULASIE MET AOO ('GET')

Die onderwyser wat drama in skeppende kunste onderrig, moet seker maak dat leerders in graad 8 en 9 'n soliede fondasie in die konsepte, vaardighede, kennis en inhoud van Drama verkry. Daar word voorgestel dat aan die einde van graad 9 onderhoude en oudisies gehou moet word om te verseker dat slegs leerders wat gedissiplineerd, hardwerkend, geïnteresseerd, toegewyd met die potensiaal vir VOO-Dramatiese Kunste gekies word. Maak seker dat die klasverhouding vir graad 10 per die provinsiaal gestelde norm is. Indien dramaklasse oorvol is, kan beserings plaasvind en die geïnteresseerde en hardwerkende drama-leerders kan benadeel word omdat hulle nie die toegewyde, individuele onderrig wat vir drama vereis word, kry nie.

4.5 ROOSTERBEPLANNING

Roosterbeplanning vir Dramatiese Kunste vereis 'n minimum van 4 uur per week gedurende skooltyd en een uur na skool. Hierdie uur-verhouding is van toepassing op graad 10, 11 en 12. Bykomende tyd is noodsaaklik na skoolure vir die voltooiing van die PAT'e, remediëring, verrykking, repetisies, opvoerings en uitstappies om na dramaopvoerings te gaan kyk.

5. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders hulle begrip van die bedryf kan demonstreer, hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns verbeter, en ook betrekkinge buite die klaskamer kan vestig en uitdagings in die wêreld daarbuite kan aandurf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee aan leerders die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te raak.

6. STANDAARDISERING/ASSESSERING/TERUGVOERING/MODERERINGS- INSTRUMENTE

GESKREWE TAKE: RIGLYNE VIR NASIONALE STANDAARDISERING

BYLAE A: OPDRAG
BYLAE B: OPSTEL
BYLAE C: NAVORSING

GESKREWE TAKE: ASSESSERINGSINSTRUMENTE: RUBRIEKE

BYLAE D: OPDRAG
BYLAE E: OPSTEL
BYLAE F: NAVORSING

TEMA-/OUDISIEPROGRAM: ASSESSERINGSINSTRUMENTE: RUBRIEKE

BYLAE G: UITTREKSEL
BYLAE H: MONOLOOG
BYLAE I: BEWEGING
BYLAE J: POËSIE
BYLAE K: PROSA

TEGNIESE TEATERPROGRAM: ASSESSERINGSINSTRUMENTE: RUBRIEKE

BYLAE L: ONTWERP
BYLAE M: REGIE/TEATERSKEPPING
BYLAE N: FILMVERVAARDIGING
BYLAE O: VERHOOGBESTUUR

TERUGVOERING VAN DIE OPVOERAFDELINGS VAN DIE PAT'e

BYLAE P: VRAAGSTAMME

ASSESSERING/NASIEN EN MODERERING: GOEIE PRAKTYK

BYLAE Q: BEGINSELS

MODERERINGSINSTRUMENT

BYLAE R: TEMPLAAT VIR INTERNE SKOOL- EN PROVINSIALE MODERERING

BYLAE A:

RIGLYNE	STANDAARDISERING	JOERNAAL
<p>ONDERWYSERS:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik hierdie riglyne om nasionale standaardisering van die GESKREWE afdeling van hierdie PAT te verseker. • Heg hierdie aan die assesseringstaakplan van elke onderskeidelike lesplan. • Gebruik hierdie riglyne om te verseker dat die volgende gedek is: 		
1	<p>WEES BEDAG OP DIE VOLGENDE WANNEER LEERDERS INGELIG WORD</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n GESKREWE opdrag met gedetailleerde instruksies ondersteun deur 'n 'leer-hoe-om-te-leer' en 'n 'leer-deur -te-doen'-fokus oor hoe om die taak uit te voer. • Baseer die opdrag en instruksies oor die relevante KABV Breë Onderwerp en Onderwerpe aan die leerder onderrig • Gebruik duidelike en ondubbelsinnige instruksies; geskikte terminologie, bv. analiseer/beskryf/vergelyk/ evalueer/voorspel/eie mening en wat die gehalte en hoeveelheid bewyse wat die leerder vir daardie bevelwerkwoord moet ontwikkel • Maak die volgende duidelik: <ul style="list-style-type: none"> ○ Formaat ○ Doel ○ Inhoud ○ Bronne beskikbaar ○ Omvang en beperkings ○ Kriteria waarteen die PAT geassesseer sal word deur die rubriekriteria te verskaf met die oog op hoë kwaliteit • Toon sensitiwiteit en respek vir geslag, inklusiwiteit, kultuur klas, ras en godsdiens • Verskaf 'n presiese, nie-onderhandelbare datum vir die sperdatum vir die inlewering van die PAT 	
2	<p>FORMAAT Kan EEN van die volgende opsies wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Joernaalinskrywing • Ontwerpnotaboekinskrywing • Regisseursnotaboekinskrywing • Filmnotaboekinskrywing • Verhoogbestuurder-souffleursboekinskrywing • Collage • Montage • Visuele beelde (bv. foto's, video's, DVD's, oudio-opnames) • Werksblad deur onderwyser ontwerp • Besinning oor uitstappies, veldwerktoere, gemeenskapsruimtes/-terreine • Filmanalise, teaterresensies • Wys-my-metode ('Teach backs') • Die opsies hierbo is SLEGS voorbeelde. Wees kreatief en ondersoek ander vorme en maniere om aan te bied. 	
3	<p>DOELWIT EN INHOUD: Die opdrag moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die klaskameronderrig van die KABV Breë Onderwerp(e) en Onderwerp(e) geïntegreer en gekonseptualiseer • Op betekenisvolle wyse oor klaskameronderrig besin en bewyse verskaf van voortdurende ontwikkeling van die leerder • Die leerders se vlak van kognitiewe begrip en toepassing van konsepte (inhoud, kennis, vaardighede en ingesteldhede) toon • Praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (oefeninge, aktiwiteite, repetisies, klaskamernotas en ander bronmateriaal) integreer • Dramatiese kunste-terminologie (dramataal) in alle GESKREWE aanbiedings gebruik • Aan gespesialiseerde taal in geval van Inheemse Kennisstelsels voldoen en dit verduidelik • Vir die Opvoerkomponent van die PAT voorberei 	
4	<p>BRONNE</p> <ul style="list-style-type: none"> • Baseer die inhoud van die opdrag op die KABV Breë Onderwerp(e) en die onderskeie Onderwerp(e) • Gebruik, besin krities oor en pas die handboek, toneeltekste, klaskamernotas en praktiese werk kreatief toe 	

BYLAE B:

RIGLYNE	STANDAARDISERING	OPSTEL
<p>ONDERWYSERS:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik hierdie riglyne om nasionale standaardisering van die GESKREWE afdeling van hierdie PAT te verseker. • Heg hierdie aan die riglyne aan assesseringsafdeling van elke onderskeidelike lesplan. • Gebruik hierdie riglyne om te verseker dat die volgende gedek is: 		
1	<p>WEES BEDAG OP DIE VOLGENDE WANNEER LEERDERS INGELIG WORD</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n GESKREWE opdrag met gedetailleerde instruksies ondersteun deur 'n 'leer-hoe-om-te-leer' en 'n 'leer-deur -te-doen'-fokus oor hoe om die taak uit te voer. Baseer die opdrag en instruksies op die relevante KABV Breë Onderwerpe en Onderwerpe aan die leerder onderrig • Gebruik duidelike en ondubbelsinnige instruksies en geskikte terminologie, bv. analiseer/beskryf/vergeelyk/evalueer/voorspel/eie mening en wat is die gehalte en hoeveelheid bewyse wat die leerder vir daardie bevelwerkwoord moet ontwikkel. • Maak seker dat die opstelonderwerp rigting en riglyne gee om leerderbegrip en interpretasie te ondersteun. • Maak die volgende duidelik: <ul style="list-style-type: none"> ○ Formaat ○ Doel en inhoud ○ Bronne beskikbaar ○ Omvang en beperkings ○ Die tipes opstelle, bv. beskrywende, verhalende, argumentatiewe, verklarende ○ Kriteria waarteen die PAT geassesseer sal word deur na die rubriekriteria te verwys met die oog op hoë kwaliteit • Toon sensitiwiteit en respek vir geslag, inklusiwiteit, kultuur klas, ras en godsdiens • Verskaf 'n presiese, nie-onderhandelbare sperdatum vir die inlewering van die PAT 	
2	<p>FORMAAT</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moet 'n formele struktuur wees, bv. skryf in paragrawe, gebruik kernidees • Moet bestaan uit 'n inleiding, hoofliggaam van kennis en 'n gevolgtrekking/opsomming • Die lengte en gewigswaarde kan deur die volgende gelei word: ± 3 bladsye; ongeveer ± 700 woorde 	
3	<p>DOELWIT EN INHOUD Die opstel moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die klaskameronderrig van die KABV Breë Onderwerp(e) en Onderwerp(e) geïntegreer en gekonseptualiseer • Op betekenisvolle manier oor klaskameronderrig besin en bewyse verskaf van voortdurende ontwikkeling van die leerder • Die leerders se vlak van kognitiewe begrip en toepassing van konsepte (inhoud, kennis, vaardighede en ingesteldhede) toon • Praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (oefeninge, aktiwiteite, repetisies, klaskamernotas en ander bronmateriaal) integreer • Dramatiesekunste-terminologie (dramataal) in alle geskrewe aanbiedings gebruik • Aan gespesialiseerde taal in geval van Inheemse Kennisstelsels voldoen en dit verduidelik • Vir die Opvoercomponent van die PAT voorberei 	
4	<p>BRONNE</p> <ul style="list-style-type: none"> • Baseer die inhoud van die opdrag op die KABV Breë Onderwerp(e) en die onderskeie Onderwerp(e) • Gebruik, besin krities oor en pas die handboek, toneeltekste, klaskamernotas en praktiese werk kreatief toe 	

BYLAE C:

RIGLYNE	STANDAARDISERING	NAVORSING
<p>ONDERWYSERS:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik hierdie riglyne om nasionale standaardisering van die PAT'e te verseker. • Heg hierdie aan die riglyne aan elke onderskeidelike lesplan. • Gebruik hierdie riglyne om te verseker dat die volgende gedek is: 		
1	<p>WEES BEDAG OP DIE VOLGENDE WANNEER LEERDERS INGELIG WORD</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n geskrewe opdrag met gedetailleerde instruksies ondersteun deur 'n 'leer-hoe-om-te-leer' en 'n 'leer-deur-te-doen'-fokus oor hoe om die taak uit te voer. Gee die ondersteunende konseptuele raamwerk wat deur 'n drievoudige kringleerfokus ondersteun word oor die 'wat', 'hoekom' en 'hoe' met betrekking tot dit wat gelewer moet word en bewyse wat ontwikkel moet word. • Baseer die opdrag en die instruksies op die relevante KABV Breë Onderwerp en Onderwerpe aan die leerder onderrig • Gebruik duidelike en ondubbelsinnige instruksies; geskikte terminologie, bv. analiseer/beskryf/vergeelyk/ evalueer/voorspel/eie mening en wat die gehalte en hoeveelheid bewyse wat die leerder vir daardie bevelwerkwoord moet ontwikkel • Maak die volgende duidelik: <ul style="list-style-type: none"> ○ Formaat, doel en inhoud ○ Bronne beskikbaar ○ Omvang en beperkings ○ Kriteria waarteen die PAT geassesseer sal word deur na die rubriekriteria te verwys met die oog op hoë kwaliteit • Toon sensitiviteit en respek vir geslag, inklusiviteit, kultuur klas, ras en godsdiens • Verskaf 'n presiese, nie-onderhandelbare datum vir die sperdatum vir die inlewering van die PAT 	
2	<p>FORMAAT Mag enige van die volgende opsies wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe aanbieding (d.i. navorsingopstel met inleiding, hoofliggaam van kennis), gevolgtrekking/opsomming). 'n Minimum van ± 300 woorde is ongeveer 2 bladsye wees • Mondelinge aanbieding, ondersteun deur geskrewe materiaal (notas, dinkskrum, ens.), 3–5 minute per leerder • Forumbesprekings/debat en bygaande teks (15 minute per groep van 5) • Media: Filmmittreksels/video/TV-insetsels/radio/koerantuitknipsels: 3–5 minute • PowerPoint-aanbiedings: 3–5 minute per leerder • Onderhoude en bygaande tekste (5 minute per paar/groep) • Modelle [van verhoogtipies, dekorstelontwerpe, dekor, rekwisiete, kostuums] met bygaande geskrewe bewyse • Collage, gemengde media of montage 	
3	<p>DOELWIT EN INHOUD Die navorsing moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die klaskameronderrig van die KABV Breë Onderwerp(e) en Onderwerp(e) geïntegreer en gekonseptualiseer • Op betekenisvolle manier oor klaskameronderrig besin en verskaf bewyse van voortdurende ontwikkeling van die leerder • Die leerders se vlak van kognitiewe begrip en toepassing van konsepte (inhoud, kennis, vaardighede en ingesteldhede) toon. Fokus nie slegs op die verskaffing van 'n reeks vrae met kognitiewe moeilikheidsvlakke en kompleksiteit nie, maar toon, op 'n deursigtige wyse, aan leerders die denkwyses en geestesgesteldheid agter die vraagkonstruksie en die verhaal daarvan • Praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (oefeninge, aktiwiteite, repetisies, klaskamernotas en ander bronmateriaal) integreer • Dramatiese kunste-terminologie (dramataal) in alle geskrewe aanbiedings gebruik • Aan gespesialiseerde taal in geval van Inheemse Kennisstelsels voldoen en dit verduidelik • Vir die Opvoerkomponent van die PAT voorberei 	
4	<p>BRONNE</p> <ul style="list-style-type: none"> • Baseer die inhoud van die opdrag op die KABV Breë Onderwerp(e) en die onderskeie Onderwerp(e) • Gebruik, besin krities oor en pas die handboek, toneeltekste, klaskamernotas en praktiese werk kreatief toe • Ondersoek 'n wye verskeidenheid bronne (onderhoude, veldtoetsing, menslike hulpbronne, boeke, koerante, televisie, film, internet, ens.) • Kies en gebruik 'n minimum van twee bronne (nie meer as een internetbron nie) • Gee verwysings van al die bronne ondersoek en gebruik • Gebruik die Oxford-verwysingstelsel • Moet nie plagiaat pleeg nie • Gebruik van bronne op etiese wyse, mondelinge onderhoude uit etnografiese studies en 'kenners' se standpunte uit inheemse kennisstelsels ingesluit • Onderwysers moet die internetadresse en hardekopiebronne deur die leerders verskaf, ondersoek om te verseker dat alle bronne eties aangewend is 	

BYLAE D:

JOERNAAL	ASSESSERINGSINSTRUMENT					RUBRIEK
	PUNTE	0–7	8–13	14–19	20–22	
BESKRYWERS	NIE BEHAAL NIE	GEMIDDELDE PRESTASIE	BEVREDIGENDE PRESTASIE	VERDIENSTE-LIKE PRESTASIE	UITSTEKENDE PRESTASIE	
Aanteken	Aanteken van vaardighede, kennis, waardes, tegnieke, oefeninge en dramatiese/teater-elemente het gebrek aan detail en akkuraatheid	Aanteken van vaardighede, kennis, waardes, tegnieke, oefeninge en dramatiese/teater-elemente is beperk	Aanteken van vaardighede, kennis, waardes, tegnieke, oefeninge en dramatiese/teater-elemente is akkuraat sonder insig	Aanteken van vaardighede, kennis, waardes, tegnieke, oefeninge en dramatiese/teater-elemente is gedetailleerd, omvattend met insig	Aanteken van vaardighede, kennis, waardes, tegnieke, oefeninge en dramatiese/teater-elemente is uitstaande en toon hoë mate van insig	
Inhoud besinning	Besinning toon gebrek aan kritiese denke. Oppervlakkige konneksies word met vaardighede, kennis, inhoud en konsepte gemaak	Besinning toon beperkte kritiese denke in die toepas, analiseer en/of evalueer en dis met vaardigheid, kennis, inhoud en konsepte gemaak. Minimale konneksies gemaak deur verduidelikings, afleidings en/of voorbeelde.	Besinning toon genoegsame kritiese denke in die toepas, analiseer en/of evalueer en dis met vaardigheid, kennis, inhoud en konsepte gemaak. Konneksies gemaak deur verduidelikings, afleidings en/of voorbeelde.	Besinning toon dat 'n hoë mate van kritiese denke in die toepas, analiseer en/of evalueer en dis met vaardigheid, kennis, inhoud en konsepte gebruik is. Konneksies gemaak deur verduidelikings, afleidings, en/of voorbeelde	Besinning toon 'n uitstekende mate van kritiese denke in die toepas, analiseer en/of evalueer en dis gemaak met vaardigheid, kennis, inhoud en konsepte. Insiggewende relevante konneksies gemaak deur kontekstuele verduidelikings, afleidings en voorbeelde.	
Persoonlike groei	Toon onvoldoende bewys van besinning oor eie werk. Persoonlike groei en bewustheid is nie duidelik nie en/of toon 'n neutrale ervaring met weglaatbare persoonlike impak. Gebrek aan genoeg afleidings, voorbeelde, persoonlike insig en uitdagings, en/of toekomstige gevolge word oorgesien.	Toon beperkte bewys van besinning oor eie werk. Toon onvoldoende persoonlike groei en bewustheid deur 'n paar of simplistiese afleidings gemaak, voorbeelde, insigte, en/of uitdagings wat nie goed ontwikkel is nie. Minimale denke oor die toekomstige gevolge van huidige ervaring.	Toon bewys van besinning oor eie werk. Toon bevredigende persoonlike groei en bewustheid deur 'n paar afleidings gemaak, voorbeelde, insigte en/of uitdagings. Daar is denke oor die toekomstige gevolge van huidige ervaring.	Toon sterk bewyse van besinning oor eie werk. Toon bevredigende persoonlike groei en bewustheid deur 'n paar afleidings gemaak, voorbeelde, insigte en/of uitdagings. Daar is gedink/besin oor die toekomstige gevolge van huidige ervaring.	Toon sterk en insiggewende bewys van besinning oor eie werk. Toon belangrike persoonlike groei en bewustheid van dieper betekenis deur afleidings gemaak, voorbeelde, goed ontwikkelde insigte en wesenlike diepte in persepsie en uitdagings. Vat huidige ervaring saam in toekomstige gevolge.	
Denke, navraag, en ondersoek	Druk 'n paar idees met beperkte steun van relevante bewyse of redes uit. Kritiese, kreatiewe en probleem-oplossingsdenke is beperk en simplisties.	Druk 'n paar idees met steun van relevante bewyse of redes uit. Kritiese, kreatiewe en probleem-oplossingsdenke is voldoende.	Druk die meeste idees met steun van relevante bewyse of redes uit. Kritiese, kreatiewe en probleem-oplossingsdenke is omvattend en bied baie insig.	Druk idees, met steun van relevante bewyse of redes uit. Kritiese, kreatiewe en probleem-oplossingsdenke is omvattend en bied baie insig.	Druk baie idees met effektiewe steun van relevante bewyse of redes uit. Kritiese, kreatiewe en probleem-oplossingsdenke is hoogs ontwikkel en bied kreatiewe insig.	
Kreatiewe toepassing	Inhoud, konsepte, vaardighede en kennis (teater en drama), in verband met beplanning vir voortgesette persoonlike ontwikkeling, is beperk en simplisties.	Inhoud, konsepte, vaardighede en kennis (teater en drama), in verband met beplanning vir voortgesette persoonlike ontwikkeling, is voldoende met 'n bietjie insig.	Inhoud, konsepte, vaardighede en kennis (teater en drama), in verband met beplanning vir voortgesette persoonlike ontwikkeling, is omvattend met insig.	Inhoud, konsepte, vaardighede en kennis (teater en drama), in verband met beplanning vir voortgesette persoonlike ontwikkeling, is omvattend met 'n hoë vlak van insig.	Inhoud, konsepte, vaardighede en kennis (teater en drama), in verband met beplanning vir voortgesette persoonlike ontwikkeling, 'n hoogs insiggewende begrip van die verhouding tussen hierdie komponente.	

BYLAE E:

OPSTEL		ASSESSERINGSINSTRUMENT	RUBRIEK
KATEGORIE	PUNT %	VLAKBESKRYWERS	
Uitstaande Metakognitiewe Kennis Skep	27–30 90–100 A+	<p>Denkproses: Beoordeel feitelike, konseptuele, prosedure- en metakognitiewe kennis ten opsigte van die vraag.</p> <ul style="list-style-type: none"> Integreer die vereistes van die vraag op 'n nuwe, kreatiewe en oorspronklike manier. Evalueer voorbeelde uit die toneeltekste, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n uitgebreide reeks inhoud wat op insiggewende wyse gekies is. Ontwerp en skep 'n argument op 'n nuwe en unieke patroon wat bewyse toon van refleksiewe, kreatiewe, kritiese en analitiese denke. <p>Kognitiewe vlak: Toon vermoë om te skep, te herorganiseer, te ontdek, te hernu, te verander</p>	
Uitstekend Metakognitiewe Kennis Evalueer	24–26 80–89 A	<p>Denkproses: Beoordeel feitelike, konseptuele, prosedure- en metakognitiewe kennis ten opsigte van die vraag.</p> <ul style="list-style-type: none"> Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n uiteenlopende, verklarende en interessante manier. Assesseer voorbeelde uit die toneeltekste, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n betekenisvolle reeks inhoud wat op insiggewende wyse gekies is. Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon op wat bewyse toon van refleksiewe, kritiese en analitiese denke. <p>Kognitiewe vlak: Toon vermoë om te oordeel, te kritiseer, aan te beveel, te evalueer.</p>	
Verdienselike Prosedurekennis Analiseer	21–23 70–79 B	<p>Denkproses: Analiseer, onderskei en ondersoek feitelike, konseptuele en prosedurekennis ten opsigte van die vraag.</p> <ul style="list-style-type: none"> Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n uiteenlopende, verklarende manier. Analiseer voorbeelde uit die toneeltekste, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n breë reeks inhoud wat op gepaste wyse gekies is. Stel 'n argument op wat bewyse toon van kritiese en analitiese denke. <p>Kognitiewe vlak: Toon vermoë om af te lei, konsepte te dekonstrueer, toe te skryf aan, te ontdek.</p>	
Weselike Prosedurekennis Toepas	18–20 60–69 C	<p>Denkproses: Analiseer en onderskei feitelike, konseptuele en prosedurekennis ten opsigte van die vraag.</p> <ul style="list-style-type: none"> Integreer die vereistes van die vraag op 'n georganiseerde manier. Integreer voorbeelde uit die toneeltekste, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n breë reeks inhoud wat op gepaste wyse gekies is. Verskaf 'n argument wat bewyse toon van kritiese en analitiese denke. <p>Kognitiewe vlak: Toon vermoë om toe te pas, te konstrueer, te integreer.</p>	
Voldoende Konseptuele Kennis Verstaan	15–17 50–59 D	<p>Denkproses: Verduidelik, interpreteer en herfraseer feitelike en konseptuele kennis ten opsigte van die vraag.</p> <ul style="list-style-type: none"> Integreer die vereistes van die vraag op 'n konvensionele manier. Interpreteer voorbeelde uit die toneeltekste binne 'n algemene reeks voorspelbare inhoud. Verskaf 'n beperkte argument wat bewys lewer dat die onderwerp verstaan is. <p>Kognitiewe vlak: Toon vermoë om te interpreteer, toe te lig, klassifiseer, op te som, te verduidelik.</p>	
Gemiddelde Konseptuele Kennis Verstaan	12–14 40–49 E	<p>Denkproses: Verduidelik en interpreteer feitelike en konseptuele kennis oor die vraag.</p> <ul style="list-style-type: none"> Integreer die vereistes van die vraag op 'n basiese manier, indien wel. Verduidelik voorbeelde uit die toneeltekste, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n beperkte reeks inhoud. Skryf 'n verduideliking met gebruik van voorspelbare denkprosesse. <p>Kognitiewe vlak: Toon beperkte vermoë om af te lei, op te som, te verduidelik.</p>	
Elementêre Feitelike Kennis Onthou	10–11 30–39 F	<p>Denkproses: Definieer en pas kennis uit geheue toe.</p> <ul style="list-style-type: none"> Min of geen integrasie van die vereistes van die vraag nie. Kies baie min of geen voorbeelde uit die toneeltekste, die teaterbeweging of ander bykomende bronne nie. Skryf 'n verduideliking met gebruik van voorspelbare denkprosesse. <p>Kognitiewe vlak: Toon elementêre vermoë om te identifiseer, te noem, te definieer.</p>	
Nie Behaal Nie Feitelike Kennis Onthou	1–9 20–29 G	<p>Denkproses: Onthou en pas baie min kennis uit geheue toe.</p> <ul style="list-style-type: none"> Min of geen poging om die vraag te beantwoord nie. Baie beperkte vermoë om idees of inligting in woorde uit te druk. Toon bewyse van onsamehangende of beperkte denkprosesse. <p>Kognitiewe vlak: Toon geen of min vermoë om te identifiseer, te noem nie.</p>	
Nie Behaal Nie Feitelike Kennis Onthou	0 H	<p>Denkproses: Toon geen begrip van die vraag nie, nie in staat om die vraag te beantwoord nie.</p> <p>Bied baie min feite aan, hou nie verband met vraag nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> Nie in staat om te identifiseer, te noem, in verband te bring nie, te definieer. Nie in staat om gedagtes in woorde uit te druk nie. <p>Kognitiewe vlak: Bied geen of baie min inligting aan.</p>	

BYLAE F:

NAVORSING		ASSESSERINGSINSTRUMENT	RUBRIEK
KATEGORIE	PUNT %	VLAKBESKRYWERS	
Uitstaande prestasie	23–25	Goed georganiseerd, uitgebreid en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitstaande hoë vlak van bevoegdheid. In staat om inligting te verwerk tot oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid oorspronklike en/of relevante drama-verwysings en/of filmuittreksels. Insiggewend; vloeiend; waarnemend en kennis word treffend uiteengesit. Indien modelle of gemengde media gebruik is, is dit goed uitgevoer en komplementeer dit die navorsing.	
Verdienselike prestasie	20–22	Goed georganiseerd, omvattend en samehangend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike vertolking en deurdagte keuse van feite. Gebruik oorspronklike en ongewone keuse van relevante drama-verwysings en/of filmuittreksels. Toon insig; waarneming en kennis is goed uiteengesit. Indien modelle of gemengde media gebruik is, komplementeer dit die navorsing.	
Wesenlike prestasie	17–19	Georganiseerd, omvattend, toon 'n sekere vlak van bevoegdheid, 'n Paar klein foutjies duidelik in struktuur. Interessante leesstof, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige, direkte taalgebruik. Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings en/of filmuittreksels. Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, 'n paar insiggewende stellings. Duidelike moeite en versorging van die aanbieding. Indien modelle of gemengde media gebruik is, hou dit met die navorsing verband.	
Voldoende prestasie	13–16	Struktuur nie altyd logies en georganiseerd nie, redelike moeite is met die aanbieding gedoen. Toon basiese begrip, maar neig soms na meganistiese en gestereotipeerde antwoorde. Genoegsame keuse van relevante dramaverwysings en of film. Genoegsame leeswerk maar kom memoriseer voor. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, soms verbeelding-loos, maar toon vermoë om bespreking te regverdig. Indien modelle of gemengde media gebruik is, word dit nie altyd deur die navorsing ondersteun nie.	
Gemiddelde prestasie	10–12	Het nie altyd georganiseerde of logiese struktuur nie. Nie altyd genoeg inligting nie, paar oomblikke van insig. Beperkte keuse van inligting. Swak taalvaardighede. Argument word nie deur bespreking ondersteun nie. Enige modelle of gemengde media gebruik, nie goed uitgevoer nie of is nie besonder relevant nie.	
Elementêre prestasie	6–9	Onsamehangend – geen struktuur nie, beperkte woordeskat, min poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Swak taalvaardigheid. Argument nie ondersteun deur bespreking nie. Onwaarskynlik dat 'n ondersteunende model gebruik is, enige gemengde media sal swak uitgevoer wees.	
Nie behaal nie	0–5	Onsamehangend, baie min werk, beperkte vaardighede. Irrelevante inligting verskaf, geen ondersteunende bespreking nie.	

BYLAE G:

UITTREKSEL/TONEEL (UIT GEPUBLISEERDE TONEELSTUK OF BETROUBARE WEBTUISTE – OOK GEPUBLISEER)			
ASSESSERINGSINSTRUMENT			
PUNTE	16–25	8–15	0–7
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Voorbereiding	Die leerder ken die woorde van die toneel en lewer bewys van besinning, beplanning en repetisie	Die leerder ken die woorde, maar daar is bewyse van onsekerheid of onvoldoende repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die toneel nie en toon geen bewys van besinning, beplanning en repetisie nie.
Verstaan toneel	Die leerder toon begrip van die toneel soos wat dit binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel voorkom. Die leerder verstaan die basiese dilemma/konflik van die toneel en die karakter en hul motiverings.	Daar is bewyse van 'n mate van 'n mate van begrip van die toneel, maar sekere aspekte is oorgesien, of is nie deurlopend konsekwent nie. Daar kan 'n moontlike wanvertolking op die basis van die gegewe omstandighede wees.	Die leerder toon min of geen begrip van die toneel binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel nie. Die leerder verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die toneel, die karakters en hul motiverings nie. Die gegewe omstandighede word geheel en al verkeerd vertolk.
Vokale karakterisering	Die leerder toon begrip van die elemente van stemwerk en om die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker te kommunikeer. Hy/Sy is in staat om 'n teks te vertolk, gepaste keuses ten opsigte van karakterisering te maak en om hierdie karaktereienskappe te gebruik sonder vokale spanning/ooreising. Hierdie karaktereienskappe kan toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, stemtoon en kwaliteit insluit om die karakter se stem suksesvol en op gepaste wyse oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die skep en volhou van vokale karakterisering, of daar kan tekens van vokale spanning/ooreising wees. Sekere aspekte van die karakterisering kan moontlik onvanpas vir die betrokke karakter of konteks wees.	Die leerder is onsuksesvol met die skep en volhou van vokale karakterisering, of daar is vokale spanning/ooreising regdeur die opvoering. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks.
Vokale duidelikheid	Die leerder kan duidelik en hoorbaar praat. Hy/Sy kan die gepaste volume vir 'n ruimte produseer, sonder vokale spanning/ooreising oordra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om duidelik en hoorbaar te praat. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ooreising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar te praat nie. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooreising.
Fisiese karakterisering	Die leerder toon 'n vermoë om sy/haar liggaam aan te pas ten opsigte van postuur, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisiese ritmes en gewoontes om die fisikaliteit van die karakter suksesvol en gepas oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar is tekens van onnodige spanning. Sekere aspekte van die karakterisering kan onvanpas vir die betrokke karakter of konteks wees.	Die leerder slaag nie daarin om 'n fisiese karakterisering te skep, of vol te hou nie, of daar is regdeur die opvoering oormatige en onnodige spanning. Die fisiese karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks.
Verhoogsin – gebruik van ruimte	Die leerder toon 'n vermoë om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse te gebruik, op so 'n wyse dat die spel duidelik met die gehoor kommunikeer en die begrip van die veranderende dinamiek van die verhouding wat ondersoek word, oordra. Alle beweging (blok, fisiese liggaam, gebare) is gemotiveerd.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse te gebruik. Dit kan wees as gevolg van selfbewustheid, roofspel mbt ander spelers, en onsekerheid met tye of ongemotiveerde bewegings.	Die leerder slaag nie daarin om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse te gebruik nie. Hy/Sy is deurgaans selfbewus, roof die spel, is onseker en beweeg dikwels sonder motivering.
Emosionele aansluiting	Die leerder toon die vermoë om op effektiewe en gepaste wyse by die emosies van sy/haar karakter aan te sluit, sodat die gehoor oortuig is van die geloofwaardigheid van hierdie emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om op effektiewe en gepaste wyse by die emosies van sy/haar karakter aan te sluit; hy/sy is moontlik nie altyd oortuigend nie, of hulle kan soms op onvanpaste wyse reageer.	Die leerder slaag nie daarin om op gepaste en effektiewe wyse by die emosies van die karakter aan te sluit nie; die leerder is glad nie oortuigend nie, of sy/haar emosionele keuses is heeltemal onvanpas.

(BYLAE G vervolg)

UITTREKSEL/TONEEL (UIT GEPUBLISEERDE TONEELSTUK OF BETROUBARE WEBTUISTE – OOK GEPUBLISEER)			
ASSESSERINGSINSTRUMENT			
PUNTE	16–25	8–15	0–7
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Speel van subteks	Die leerder toon begrip van die subteks en bedoeling om die karakter se spreekbeurte en aksies vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word verken en regdeur die opvoering volgehou.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met betrekking tot die speel van subteks en bedoelings, en om die karakter se woorde en aksies vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word nie gedurende die opvoering ten volle volgehou nie.	Die leerder slaag nie daarin om die subteks en bedoelings te speel nie. Spreekbeurte en aksies kom ongemotiveerd voor, min bewys word gelewer dat daar oor die subteks nagedink is, woorde word afgerammel/opgesê en die karakter se innerlike lewe word glad nie gedurende die opvoering volgehou nie.
Interaksie – luister	Die leerder toon die vermoë om in karakter te bly wanneer hy/sy nie praat nie of as hy/sy nie die fokus van die aandag is nie en hou vol om heeltyd na die ander karakters op die verhoog te luister en op hulle te reageer.	Die leerder bly nie konsekwent in karakter wanneer hy/sy nie praat nie of as hy/sy nie die fokus van die aandag is nie; reaksies op die ander karakters en luister word nie regdeur die toneel volgehou nie.	Daar is min of geen bewyse dat daar in karakter gebly word wanneer hy/sy nie praat of as hy/sy nie die fokus van die aandag is nie; daar is min reaksie op die ander karakters nie en hy/sy luister min of glad nie.
Ontwikkeling van verhouding	Die leerder toon 'n begrip van sy/haar karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel en hy/sy laat die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en gepas verander.	Die leerder is inkonsekwent met die toon van die karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel; die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander nie op gepaste wyse nie.	Die leerder is onbewus van sy/haar karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel; die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander nie deur die loop van die toneel nie.
Geloofwaardigheid	Die leerder is ten alle tye binne die konteks van die toneel of toneelstuk geloofwaardig.	Die leerder is in sommige oomblikke in die konteks van die toneel of toneelstuk geloofwaardig.	Die leerder is selde binne die konteks van die toneel of toneelstuk geloofwaardig.
Struktuur van toneel	Die leerder toon begrip van hoe die dramaturg die toneel gestruktureer het. Die toneel het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die toneel.	Die toneel het nie 'n duidelike begin, middel en einde nie. Die klimaks word nie ten volle gerealiseer nie.	Daar is min bewys van struktuur, geen werklike aanduiding van 'n begin, middel en einde nie en die klimaks word nie gerealiseer nie.
Skep van gepaste genre/styl	Die leerder toon die vermoë om genre en styl op gepaste wyse te vertolk en om aan die vereistes van die genre/styl in aspekte soos die verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, gepaste fisiese handeling en dies meer te voldoen.	Daar is soms 'n poging om genre en styl op gepaste wyse te vertolk, maar die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die toneel gerealiseer nie.	Daar is min of geen poging om genre en styl op gepaste wyse te vertolk nie en die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans in die toneel gerealiseer nie.
Impak van toneel	Die toneel is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die toneel het 'n paar onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die toneel het min of geen onvergeetlike, effektiewe, innemende oomblikke nie.

BYLAE H:

MONOLOOG		ASSESSERINGSINSTRUMENT		RUBRIEK
PUNTE	16–25	8–15	0–7	
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL	
Vorbereiding	Die leerder ken die woorde van die monoloog en lewer bewys van nadenke, beplanning en repetisie	Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of gebrek aan repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die monoloog nie en toon geen teken van nadenke, beplanning of repetisie nie.	
Verstaan van monoloog	Die leerder toon uitstaande begrip van die monoloog soos wat dit binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel voorkom. Die leerder verstaan die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en motivering.	Daar is tekens van 'n mate van begrip van die monoloog, maar sekere aspekte word oorgesien, of is nie regdeur konsekwent nie. Daar kan moontlik 'n wanvertolking gebaseer op die gegewe omstandighede wees.	Die leerder toon min of geen begrip van die monoloog binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel nie. Hy/Sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en die motivering nie. Die gegewe omstandighede word geheel en al verkeerd geïnterpreteer.	
Vokale karakterisering	Die leerder toon 'n duidelike begrip van hoe al die elemente van stemwerk saamkom om die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker oor te dra. Sy/Hy is in staat om 'n teks te vertolk, gepaste keuses ten opsigte van karakterisering te maak en om dit sonder vokale ooreising te gebruik. Hierdie eienskappe kan toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, toon en gehalte insluit om die karakter suksesvol en gepas oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om 'n vokale karakterisering te skep en te volhou, of daar is aanduidings van vokale ooreising. Sekere aspekte van die karakterisering kan vir die spesifieke karakter of konteks onvanpas wees.	Die leerder slaag nie daarin om 'n vokale karakterisering te skep nie, of daar is vokale ooreising regdeur die opvoering. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.	
Vokale duidelikheid	Die leerder praat duidelik en hoorbaar. Die leerder kan die geskikte volume vir 'n ruimte gebruik, sonder vokale ooreising.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om duidelik en hoorbaar te praat. Daar is kortstondige insinkings, of oomblikke van ooreising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar te praat nie. Volume kan slegs met vokale ooreising verkry word.	
Fisiese karakterisering	Die leerder toon 'n vermoë om sy/haar liggaam aan te pas ten opsigte van postuur, energie, gewig, grootte en gehalte van gebare, fisiese ritmes en gewoontes, om die fisikaliteit van sy/haar karakter op suksesvolle en gepaste wyse oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die skep en volhou van fisiese karakterisering, of daar kan tekens van onnodige spanning wees. Sekere aspekte van die karakterisering kan onvanpas vir die betrokke karakter of konteks wees.	Die leerder slaag nie daarin om fisiese karakterisering te skep of te volhou nie, of daar word regdeur die opvoering oormatige en onnodige spanning vertoon. Die fisiese karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter.	
Verhoogsin – gebruik van ruimte	Die leerder toon die vermoë om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse aan te wend, sodat die opvoering duidelik met die gehoor kommunikeer. Alle beweging (blok, gebruik van liggaamgebare, ens.) is gemotiveerd. (LET WEL: In 'n monoloog kan stilte/onbeweeglikheid gepas wees, die fokus moet egter wees op hoe die grootte van die toneelruimte gevul moet word sodat die gehoor deur die opvoering geraak kan word.)	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse aan te wend. Dit kan wees as gevolg van selfbewustheid en onsekerheid mbt bewegings of ongemotiveerde bewegings.	Die leerder slaag nie daarin om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse te gebruik nie. Die leerder is deurgaans selfbewus en beweeg dikwels sonder motivering.	
Emosionele aansluiting	Die leerder toon 'n vermoë om op effektiewe en gepaste wyse by die emosies van die karakter aan te sluit, sodat die gehoor oortuigend kan word van die geloofwaardigheid van hierdie emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om op gepaste en effektiewe wyse by sy/haar karakter se emosies aan te sluit. Die leerder is moontlik nie ten alle tye oortuigend nie, of hy/sy kan soms op onvanpaste wyse reageer.	Die leerder slaag nie daarin om om by die emosies van die karakter op 'n gepaste en effektiewe wyse aan te sluit nie; die leerder is onoortuigend, of die emosionele keuses is geheel en al onvanpas.	

(BYLAE H vervolg)

MONOLOOG		ASSESSERINGSINSTRUMENT		RUBRIEK
PUNTE	16–25	8–15	0–7	
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL	
Speel van subteks	Die leerder toon begrip van die subteks en bedoeling wat gebruik word om die karakter betekenisvol aan die gehoor oor te dra. Die karakter se innerlike lewe word verken en deur die hele opvoering volgehou.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om subteks en bedoeling te speel, en dra die karakter betekenisvol aan die gehoor oor. Die karakter se innerlike lewe word nie ten volle volgehou gedurende die opvoering nie.	Die leerder slaag nie daarin om subteks en bedoelings te speel nie. Woorde en aksies kom ongemotiveerd voor, daar is min bewys van nadenke deur die subteks, woorde word opgesê en die karakter se innerlike lewe word nie gedurende die opvoering volgehou nie.	
Vertolking van karakter	Die leerder vertolk die karakter op intelligente wyse en maak keuses wat effektief en gepas is, gebaseer op kennis van die toneelstuk waaruit die monoloog geneem is.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die vertolking van die karakter; sekere keuses is nie so effektief of gepas as wat verwag word nie, of daar is bewyse van 'n gebrek aan begrip van die gegewe omstandighede van die toneelstuk.	Die leerder slaag nie daarin om die karakter te vertolk nie; die leerder maak heeltemal onvanpaste keuses wat nie effektief is nie en daar is bewyse dat die gegewe omstandighede van die toneelstuk misverstaan is.	
Verhouding tot luisteraar	Die leerder toon die vermoë om die onsigbare luisteraar deur middel van visualisasie te skep, of, indien dit gepas is, deur die gehoor as hierdie luisteraar te gebruik. Die leerder toon 'n begrip van die karakter se status in verhouding tot die luisteraar en moontlike reaksies op wat tydens die verloop van die monoloog gesê word.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die skep van 'n onsigbare luisteraar deur middel van visualisasie, of deur die gehoor as die luisteraar te gebruik. Daar is 'n mate van begrip vir sy/haar karakter se status in verhouding tot die luisteraar, maar min begrip van watter reaksies daar is.	Die leerder slaag nie daarin om die onsigbare luisteraar deur middel van visualisering te skep nie. Daar is min begrip vir die karakter se status in verhouding tot die luisteraar, of wat hulle moontlike reaksies kan wees.	
Geloofwaardigheid	Die leerder is ten alle tye binne die konteks van die monoloog geloofwaardig.	Die leerder is in sekere oomblikke binne die konteks van die monoloog geloofwaardig.	Die leerder is selde binne die konteks van die monoloog geloofwaardig.	
Struktuur van monoloog	Die leerder toon begrip van hoe die dramaturg die monoloog gestruktureer het. Die monoloog het 'n duidelike begin, middel en einde.	Die leerder het nie 'n duidelike onderskeid tussen begin, middel en einde getref nie. Die klimaks word nie ten volle gerealiseer nie.	Daar is min bewys van struktuur, geen werklike aanduiding van 'n begin, middel en einde nie en die klimaks word nie gerealiseer nie.	
Ritmes/Vorm van monoloog	Die leerder toon 'n begrip van die eb en vloe van die monoloog, die gebruik van tempo om 'n klimaks te beklemtoon of te bou, die veranderende ritmes van verskillende maatslae in die monoloog.	Die leerder skep nie deurgaans genoegsame variasie in die monoloog nie, tempo is by tye te reëlmatig of eentonig en daar is min bewys van verskillende maatslae in die monoloog.	Daar is min of geen variasie in die monoloog nie, tempo is te reëlmatig of eentonig en daar is geen bewys van verskillende maatslae in die monoloog nie.	
Skep van gepaste genre/styl	Die leerder toon die vermoë om genre en styl op gepaste wyse te vertolk en dan aan die vereistes van die genre/styl ten opsigte van aspekte soos die verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydskerekening, gepaste fisiese handeling, ens. te voldoen.	Daar is 'n poging om genre en styl op gepaste wyse te vertolk, maar die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die monoloog gerealiseer nie.	Daar is min of geen poging om genre en styl op gepaste wyse te vertolk nie en die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans in die monoloog gerealiseer nie.	
Impak van monoloog	Die monoloog is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die monoloog het 'n paar onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die monoloog het min of geen onvergeetlike, effektiewe, innemende oomblikke nie.	

BYLAE I:

BEWEGING		ASSESSERINGSINSTRUMENT		RUBRIEK
PUNTE	16–25	8–15	0–7	
ASSESSERINGS-KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL	
Praktiese/Opvoer/Spelvaardighede 1. Die vermoë om 'n verskeidenheid bewegings, choreografie-style en prosesse te verstaan en te gebruik.	Die leerder gebruik 'n wye reeks bewegings om sekwenste te skep en kan verskillende style en prosesse verstaan en gebruik. Die leerder toon goeie begrip van ruimte, tyd en dinamiek.	Die leerder kan 'n goeie verskeidenheid bewegings gebruik om sekwenste te skep en toon begrip van style en bewegingsvorms.	Die leerder kan 'n beperkte reeks bewegings gebruik om sekwenste te skep en toon min begrip van die gebruik van ruimte, tyd en bewegingsdinamiek.	
2. Die vermoë om vaardigheid en selfvertroue in die uitvoer van beweging te toon, sodat idees verstaan word.	Die leerder tree duidelik en met selfvertroue op, sodat die bewegingsidees deur die gehoor verstaan word.	Die leerder kan idees redelik goed uitvoer, sodat bewegingsidees begryp word.	Die leerder kan sommige bewegingsidees duidelik uitvoer en moet nou meer selfvertroue ontwikkel vir wanneer werk aan ander gewys word.	
Eksperimentering (Ontwikkeling en realisering van idees) 1. Die vermoë om 'n verskeidenheid stimuli, bykomstighede en bewegingstyle te gebruik om sekwenste te skep.	Die leerder gebruik 'n wye reeks stimuli en bykomstighede met selfvertroue om komplekse sekwenste te skep en toon uitstekende gebruik van verskillende bewegingstyle.	Die leerder begin om 'n paar stimuli en bykomstighede met selfvertroue te gebruik om eenvoudige sekwenste te skep en is besig om 'n reeks bewegingstyle te ontwikkel.	Met hulp kan die leerder party stimuli en bykomstighede gebruik om eenvoudige sekwenste te skep. Die leerder eenvoudige bewegingstyle gebruik om 'n item te voltooi.	
2. Die vermoë om uit die oorspronklike stimulus 'n idee uit te brei en om idees uit te probeer en dit met rede en selfvertroue te kies en te verwerp om die opdrag/taak te voltooi.	Die leerder kan 'n eenvoudige idee ontwikkel in 'n komplekse sekwenste ontwikkel, en duidelike besluite oor die werk neem. Die leerder kan redes vir die kies van sekere bewegings met selfvertroue verduidelik en gebruik bewegingswoordeskat om te verduidelik wat bedoel word.	Met toenemende selfvertroue kan die leerder 'n idee ontwikkel, uitprobeer en bewegings kies om die item te voltooi.	Met hulp en aanmoediging kan die leerder 'n eenvoudige idee ontwikkel, dit probeer en bewegings kies wat die leerder voel by die item pas.	
Kritiese Bewustheid 1. Die vermoë om analitiese kommentaar te lewer wat die struktuur en aanbieding van eie en ander se werk help verbeter.	Die leerder kan gedetailleerde en analitiese kommentaar lewer oor bewegingswerk wat lei tot verbeterings in struktuur en opvoering.	Die leerder kan kommentaar lewer wat help om eie en ander se werk te verbeter.	Wanneer aangemoedig, kan die leerder kommentaar lewer op bewegingswerk wat sy/hy gedoen het om die werk te verbeter.	
2. Die vermoë om die werk van verskillende bewegingstyle te vergelyk en te kontrasteer.	Die leerder kan subtiele konneksies en vergelykings tussen 'n verskeidenheid bewegingstyle sien en maak en kan duidelik beskryf wat die leerder bedoel.	Die leerder kan die konneksies tussen verskillende bewegingwerk en -style maak.	Die leerder kan met die hulp en aanmoediging van die onderwyser ooglopende konneksies tussen verskillende bewegingswerke raaksien.	
3. Die vermoë om die verskil tussen objektiewe oordeel en persoonlike voorkeur te verstaan wanneer bewegingsvorme geskep, gebruik en gekyk word.	Die leerder toon 'n duidelike begrip van bewegingsvorme en struktuur deur die kommentaar en die woordeskat wat die leerder gebruik. Die leerder is bewus van sy/haar eie voorkeure m.b.t. beweging en kan dit weerhou, of op gepaste wyse gebruik.	Die leerder kan oor bewegings praat met gebruik van gepaste terme/woorde en is besig om bewus te raak van sy/haar eie bewegingsvoorkeure.	Met aanmoediging kan die leerder praat oor hoekom hy/sy van 'n bewegingsitem hou, deur woorde te gebruik wat die inhoud van die beweging beskryf (bv. lyn, vorm, ritme, dinamiek, ens.)	
Persoonlike en Sosiale Vaardighede 1. Die vermoë om as 'n lid van 'n groep saam te werk en idees te deel sodat die opdrag/taak voltooi word.	Die leerder werk goed saam as lid van 'n groep en maak dra by en deel baie idees met die groep.	Die leerder werk gewoonlik goed saam met ander mense en maak 'n paar bydraes tot die werk van die groep.	Die leerder kan soms met ander mense saamwerk en 'n paar idees deel om die groepsopdrag/-taak te voltooi.	
2. Die vermoë om aan die ontwikkeling van 'n idee te werk en werk onafhanklik te organiseer.	Die leerder is baie goed georganiseer en kan idees suksesvol op sy/haar eie te ontwikkel.	Die leerder kan werk organiseer en eenvoudige idees op sy/haar eie ontwikkel.	Die leerder kan, met hulp en aanmoediging van die onderwyser, party take op sy/haar eie ontwikkel en voltooi.	
3. Die vermoë om regdeur alle fases en tipes werk/take fokus en inspanning vol te hou.	Die leerder bly geïnteresseerd in die taak regdeur al die fases van ontwikkeling en werk hard selfs al is dit 'n uitdagende taak/opdrag	Die leerder kan gewoonlik van begin tot einde aan 'n idee bly werk.	Die leerder kan soms van die begin tot aan die einde aan 'n idee werk wanneer hulp en aanmoediging gegee word.	

BYLAE J:

POËSIE	ASSESSERINGSINSTRUMENT			RUBRIEK
	PUNTE	16–25	8–15	
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Vorbereiding	Die leerder ken die woorde van die gedig en lewer bewys van nadenke, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of gebrek aan repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die gedig nie en toon geen teken van nadenke, beplanning of repetisie nie.	
Verstaan gedig	Die leerder toon begrip van die gedig en die vertolking is gepas en geregverdig.	Die leerder toon gedeeltelike begrip van die gedig en sy/haar vertolking behoort gepas en gemotiveerd te wees.	Die leerder toon geen begrip van die gedig nie en sy/haar vertolking is onvanpas en ongemotiveerd.	
Uitdruk van betekenis	Die leerder begryp hoe om betekenis deur middel van elemente soos frasiering, pousering, beklemtoning, intonasie en stemtoon oor te dra. Die leerder kan 'n teks met behulp van hierdie elemente vertolk en die betekenis van die teks duidelik en betekenisvol oordra.	Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol met die oordra van die betekenis van die gedig. Die betekenis is nie altyd duidelik of betekenisvol nie.	Die leerder slaag nie met die oordra van die betekenis van die gedig nie. Die betekenis is onduidelik of word op niksseggende wyse oorgedra.	
Vokale uitdrukkingsvermoë	Die leerder kan 'n gebalanseerde, aangename, goed opgeleide stem skep wat uniek, vir hom/haar geskik is en geen tekens van spanning/ooëising toon nie. Die leerder verken en gebruik die uitdrukkingsvolle, vertolkende en musikale aspekte van spraakklanke om die subtiele betekenis uit te druk en om en stemming/atmosfeer oor te dra..	Die leerder se stem is nie deurgaans gebalanseerd nie of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale spanning/ooëising. Die leerder is nie heeltemal suksesvol met die verkenning en gebruik van die uitdrukkingsvolle, vertolkende en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis uit te druk en om stemming/atmosfeer oor te dra nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van oormatige vokale spanning/ooëising. Die leerder slaag nie daarin om die uitdrukkingsvolle, vertolkende en musikale aspekte van spraakklanke te verken en te gebruik om subtiele betekenis uit te druk en stemming/atmosfeer oor te dra nie.	
Vokale duidelikheid	Die leerder kan duidelik en hoorbaar praat. Die leerder kan die gepaste volume vir 'n ruimte sonder vokale spanning/ooëising gebruik.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om duidelik en hoorbaar te praat. Daar is kortstondige insinkings, of oomblikke van spanning/ooëising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar te praat nie. Volume kan slegs met vokale spanning/ooëising verkry word.	
Fisiese werk	Die leerder kies beweging of stilte wat by die gedig en sy/haar vertolking daarvan pas. Die leerder toon beheer oor die liggaam om onnodige spanning vry te laat en om optimale belyning en balans te bewerkstellig. Die liggaam ondersteun die stem en word daarby geïntegreer.	Die leerder se keuses ten opsigte van beweging of stilte is nie altyd gepas vir die gedig nie, OF daar is 'n gebrek aan beheer oor fisikaliteit in bewegings, OF daar is by tye tekens van onnodige spanning OF die liggaam is nie ten volle met die gedig geïntegreer nie.	Die leerder kies beweging of stilte wat nie by die gedig pas nie, OF daar is min of geen beheer oor fisikaliteit nie OF daar is tekens van oormatige onnodige spanning, OF die liggaam is geensins met die gedig geïntegreer nie.	
Emosionele aansluiting	Die leerder kan op effektiewe en gepaste wyse by die emosies van die persona in die gedig aansluit, sodat die gehoor oortuig is van die geloofwaardigheid van hierdie emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om op gepaste en effektiewe wyse by die emosies van die persona van die gedig aan te sluit; dit is moontlik nie altyd heeltemal oortuigend wees nie, of hulle kan soms op onvanpaste wyse reageer.	Die leerder slaag nie daarin om op gepaste en effektiewe wyse by die persona van die gedig se emosies aan te sluit nie; die leerder is onoortuigend, of emosionele keuses is geheel en al onvanpas.	
Skep van gepaste atmosfeer	Die leerder gebruik vokale en fisiese uitdrukkingsvolheid om 'n gepaste stemming/atmosfeer vir die gedig te skep.	Die skep van atmosfeer is inkonsekwent, onvanpas of word nie altyd regdeur die gedig volgehou nie.	Daar is min of geen bewyse van begrip van die stemming/ atmosfeer, of die vermoë om dit effektief te skep deur gebruik van die stem en liggaam nie.	
Aanwend van digmiddele	Die leerder toon bemeestering van die digmiddele wat eie aan die gedig is, die gebruik van pousering, reël- en verslengtes, ritme, meter, rym, beeldspraak, register en toon ingesluit.	Nie alle digmiddele word meesterlik hanteer nie.	Digmiddele is nie goed hanteer nie.	
Impak van gedig	Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die gedig het 'n paar onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die gedig het min of geen onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke nie.	

BYLAE K:

PROSA	ASSESSERINGSINSTRUMENT		RUBRIEK
PUNTE	16–25	8–15	0–7
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Vorbereiding	Die leerder ken die woorde van die prosastuk en lewer bewys van nadenke, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of gebrek aan repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die prosastuk nie en toon geen tekens van nadenke, beplanning of repetisie nie.
Begrip van prosastuk	Die leerder toon begrip van die prosastuk en vertolking is gepas en gemotiveerd.	Die leerder toon gedeeltelike begrip van die prosastuk en vertolking moet gepas en gemotiveerd te wees.	Die leerder toon geen begrip van die prosastuk nie en vertolking is onvanpas en ongemotiveerd.
Uitdruk van betekenis	Die leerder begryp hoe om betekenis deur middel van elemente soos frasiering, pousering, beklemtoning, intonasie en stemtoon oor te dra. Die leerder kan 'n teks met behulp van hierdie elemente vertolk en die betekenis van die teks duidelik en betekenisvol oordra.	Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol met die oordra van die betekenis van die prosastuk. Die betekenis is nie altyd ten volle duidelik of uitdrukingsvol nie.	Die leerder slaag nie met die oordra van die betekenis van die prosastuk nie. Die betekenis is onduidelik of word op niksseggende wyse oorgedra.
Vokale uitdrukingsvermoë	Die leerder gebruik 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit wat uniek is, by hom/haar pas en geen tekens van spanning/ooreising toon nie. Die leerder verken en gebruik die uitdrukingsvolle, vertolkende en musikale aspekte van spraakklanke om subtiële betekenis uit te druk en stemming/atmosfeer oor te dra.	Die leerder se stem is nie deurgaans gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale spanning/ooreising. Die leerder is nie heeltemal suksesvol met die verkenning en gebruik van die uitdrukingsvolle, vertolkende en musikale aspekte van spraakklanke om subtiële betekenis uit te druk en stemming/atmosfeer oor te dra nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van oormatige vokale spanning/ooreising. Die leerder slaag nie daarin om die uitdrukingsvolle, vertolkende en musikale aspekte van spraakklanke te verken en te gebruik om subtiële betekenis uit te druk en stemming/atmosfeer oor te dra nie.
Vokale duidelikheid	Die leerder praat duidelik en hoorbaar. Die leerder kan die gepaste volume vir 'n ruimte gebruik, sonder vokale spanning/ooreising.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol om duidelik en hoorbaar te praat. Daar is kortstondige insinkings, of oomblikke van spanning/ooreising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar te praat nie. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooreising.
Fisiese werk	Die leerder kies beweging of stilte wat by die prosastuk en sy/haar vertolking daarvan pas. Die leerder toon beheer oor sy/haar liggaam om onnodige spanning vry te laat en om optimale belyning en balans te bewerkstellig. Die liggaam word op kreatiewe en uitdrukingsvolle wyse gebruik om met die dramatisering van die prosastuk te help.	Die leerder se keuses ten opsigte van beweging of stilte is nie altyd gepas vir die prosastuk nie, OF daar is soms 'n gebrek aan beheer oor sy/haar fisikaliteit, OF daar is soms tekens van onnodige spanning. Daar is bewyse van kreatiwiteit en uitdrukingsvolheid in liggaamsgebruik.	Die leerder kies beweging of stilte wat onvanpas is vir die prosastuk, OF daar is min of geen beheer oor sy/haar fisikaliteit nie OF daar is tekens van oormatige onnodige spanning. Daar is min of geen tekens van kreatiwiteit of uitdrukingsvolheid in liggaamsgebruik nie.
Dramatisering as opvoeringstuk	Die leerder gebruik oorspronklike, effektiewe teatermiddele om die prosastuk te dramatiseer, sodat dit as 'n opvoeringstuk werk.	Die leerder is slegs gedeeltelik effektief of oorspronklik ten opsigte van die gebruik van teatermiddele om die prosastuk te dramatiseer om as 'n opvoering te werk.	Die leerder slaag nie daarin om teatermiddele te gebruik om die prosastuk te dramatiseer om as 'n opvoering te werk nie.
Gebruik van gepaste vertellings-tegnieke	Die leerder is bewus van die styl van sy/haar storie en die vertellings-tegnieke (bv. intsomi-vertellings, sprokiesverhale, mites) eie daaraan. Hy/Sy gebruik gepaste tegnieke in sy/haar opvoering wat die volgende insluit: derdepersoonsvertelling, karakterskepping, gebruik van sang of sleursang.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die gebruik van gepaste vertellingstegnieke, of gebruik net sekeres, of gebruik party onvanpaste vertellings-tegnieke wat nie by die styl van sy/haar storie aansluit nie.	Die leerder slaag nie daarin om gepaste vertellingstegnieke te gebruik nie, of gebruik totaal onvanpaste vertellingstegnieke wat nie by die styl van die leerder se storie aansluit nie.
Skep van gepaste atmosfeer/styl/genre	Die leerder toon 'n vermoë om vokale en fisiese uitdrukingsvolheid te gebruik om 'n gepaste atmosfeer/styl/genre vir die prosastuk te skep.	Daar is pogings aangewend om die genre en styl gepas te vertolk, maar die eise van die genre/styl word nie ten volle deur die loop van die prosastuk gerealiseer nie.	Daar is min of geen poging om genre en styl te vertolk nie en die eise van die genre/styl word nie gedurende die prosastuk gerealiseer nie.
Impak van prosastuk	Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die prosastuk het 'n paar onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die prosastuk het min of geen onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke nie.

BYLAE L:

ONTWERP		ASSESSERINGSINSTRUMENT			RUBRIEK
DEKORSTEL, KOSTUUMS, MUSIEK, KLANKEFFEKTE, STELSTUKKE, SPESIALE EFFEKTE, EIENSKAPPE, BELIGTING, GRIMERING					
VLAK	1	2	3	4	5
BESKRYWER	0-7	8-13	14-19	20-22	23-25
Rol van die ontwerper	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip te toon dat die rol van die ontwerper is om die wêreld van die toneelstuk deur ontwerpelemente soos stel, kostuum, musiek, klankeffekte, rekwisiete, spesiale effekte, beligting en grimering, na te vors, te konseptualiseer en te aktualiseer nie.	Die kandidaat toon beperkte begrip dat die rol van die ontwerper is om die wêreld van die toneelstuk deur ontwerpelemente soos stel, kostuum, musiek, klankeffekte, rekwisiete, spesiale effekte, beligting en grimering, na te vors, te konseptualiseer en te aktualiseer.	Die kandidaat toon voldoende begrip dat die rol van die ontwerper is om die wêreld van die toneelstuk deur ontwerpelemente soos stel, kostuum, musiek, klankeffekte, rekwisiete, spesiale effekte, beligting en grimering, na te vors, te konseptualiseer en te aktualiseer.	Die kandidaat toon volledige begrip dat die rol van die ontwerper is om die wêreld van die toneelstuk deur ontwerpelemente soos stel, kostuum, musiek, klankeffekte, rekwisiete, spesiale effekte, beligting en grimering, na te vors, te konseptualiseer en te aktualiseer.	Die kandidaat toon uitstekende begrip dat die rol van die ontwerper is om die wêreld van die toneelstuk deur ontwerpelemente soos stel, kostuum, musiek, klankeffekte, rekwisiete, spesiale effekte, beligting en grimering, na te vors, te konseptualiseer en te aktualiseer.
Gegewe omstandighede	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip te toon van hoe om die gegewe omstandighede, soos die intrige, die feite, die insidente, die periode, die tyd en plek van die aksie en die lewenswyse in die toneelstuk, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer nie.	Die kandidaat toon beperkte begrip van hoe om die gegewe omstandighede, soos die intrige, die feite, die insidente, die periode, die tyd en plak van die aksie en die lewenswyse in die toneelstuk, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.	Die kandidaat toon voldoende begrip van hoe om die gegewe omstandighede, soos die intrige, die feite, die insidente, die periode, die tyd en plak van die aksie en die lewenswyse in die toneelstuk, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.	Die kandidaat toon volledige en hoogs effektiewe begrip van hoe om die gegewe omstandighede, soos die intrige, die feite, die insidente, die periode, die tyd en plak van die aksie en die lewenswyse in die toneelstuk, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.	Die kandidaat toon uitstekende, insiggewende en hoogs effektiewe begrip van hoe om die gegewe omstandighede, soos die intrige, die feite, die insidente, die periode, die tyd en plak van die aksie en die lewenswyse in die toneelstuk, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.
Agtergrond en konteks	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip te toon van hoe om die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teatraal, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer nie.	Die kandidaat toon beperkte begrip van hoe om die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teatraal, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.	Die kandidaat toon voldoende begrip van hoe om die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teatraal, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.	Die kandidaat toon volledige en hoogs effektiewe begrip van hoe om die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teatraal, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.	Die kandidaat toon uitstekende, insiggewende en hoogs effektiewe begrip van hoe om die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teatraal, in sy/haar ontwerp te vertolk en te realiseer.
Teater-ruimtes	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip te toon van hoe om gepaste ontwerpe vir die verskillende verhoogruimtes, soos die proscenium, arena, tong, ens. te skep nie.	Die kandidaat toon beperkte begrip van hoe om gepaste ontwerpe vir die verskillende verhoogruimtes, soos die proscenium, arena, tong, ens. te skep.	Die kandidaat toon voldoende begrip van hoe om gepaste ontwerpe vir die verskillende verhoogruimtes, soos die proscenium, arena, tong, ens. te skep.	Die kandidaat toon volledige en hoogs effektiewe begrip van hoe om gepaste ontwerpe vir die verskillende verhoogruimtes, soos die proscenium, arena, tong, ens. te skep.	Die kandidaat toon uitstekende, insiggewende en hoogs effektiewe begrip van hoe om gepaste ontwerpe vir die verskillende verhoogruimtes, soos die proscenium, arena, tong, ens., te skep.
Skep van idees vir ontwerp-konseptualisering	Die kandidaat slaag nie daarin om idees vir moontlike ontwerpelemente in enige detail te verken nie, of doen dit slegs in een ontwerp-kategorie.	Die kandidaat toon gemiddelde skep van idees vir moontlike ontwerpelemente in ten minste twee van die ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon voldoende skep van idees vir moontlike ontwerpelemente, met 'n keuse van visuele en sensoriese materiaal versamel vir gebruik in die finale ontwerp in ten minste twee van die ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon goeie skep van idees vir moontlike ontwerpelemente, met 'n goeie keuse van visuele en sensoriese materiaal versamel vir gebruik in die finale ontwerp in ten minste drie van die ontwerp-kategorieë en toon oorspronklike denke.	Die kandidaat toon bewyse van uitstekende skep van idees en dinkskrum-tegnieke, met 'n reeks visuele en sensoriese materiaal versamel vir gebruik in die finale ontwerp-konseptualisering in ten minste drie van die ontwerp-kategorieë en toon uitstekende oorspronklike denke en kreatiwiteit.

BYLAE L (vervolg):

ONTWERP		ASSESSERINGSINSTRUMENT				RUBRIEK
DEKORSTEL, KOSTUUMS, MUSIEK, KLANKEFFEKTE, STELSTUKKE, SPESIALE EFFEKTE, EIENSKAPPE, BELIGTING, GRIMERING						
VLAK	1	2	3	4	5	
BESKRYWER	0–7	8–13	14–19	20–22	23–25	
Ontwerpelemente: visueel en ouditief	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip, seleksie en skep van gepaste en relevante ontwerpelemente te toon nie, of doen dit slegs in een ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon gemiddelde begrip, seleksie en skep van gepaste en relevante ontwerpelemente in ten minste twee van die ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon voldoende begrip, seleksie en skep van gepaste en relevante ontwerpelemente in ten minste twee van die ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon goeie begrip, seleksie en skep van gepaste en relevante ontwerpelemente in ten minste drie van die ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon uitstaande begrip, seleksie en skep van gepaste en relevante ontwerpelemente in ten minste drie van die ontwerp-kategorieë.	
Realisering van ontwerpelemente	Die kandidaat slaag nie daarin om sy/haar idees prakties in die finale ontwerp van die stuk te realiseer nie. Dit kan wees as gevolg van die gebruik van onvaste materiaal, nie genoeg moeite nie, toerusting wat faal, ens.	Die kandidaat realiseer sy/haar idees prakties in die finale ontwerp van die stuk in een of twee van die ontwerp-kategorieë. Sommige ontwerpelemente kan sterker as ander wees, met duidelike tegniese foute in die realisering.	Die kandidaat realiseer sy/haar idees prakties in die finale ontwerp van die stuk in ten minste twee van die ontwerp-kategorieë. Sommige ontwerpelemente kan sterker as ander wees, met duidelike tegniese foute in die realisering.	Die kandidaat realiseer sy/haar idees prakties in die finale ontwerp van die stel in ten minste drie van die ontwerp-kategorieë. Die meeste ontwerpelemente werk perfek en daar is min, indien enige, tegniese foute in die realisering.	Die kandidaat realiseer sy/haar idees prakties in die finale ontwerp van die stel in ten minste drie ontwerp-kategorieë, met uitstaande effekte. Alle ontwerp- en tegniese elemente werk perfek saam en ondersteun die finale opvoering en die gehoor se reaksie daarop.	
Skep van 'n samehangende teatergeheel	Die kandidaat slaag nie daarin om die verskillende ontwerpelemente saam te bring sodat dit samehangend werk en tot 'n samehangende teatergeheel bydra nie.	Die kandidaat bring verskillende ontwerpelemente saam in een of twee ontwerp-kategorieë, maar party elemente ontbreek of bots, wat die skep van 'n samehangende teatergeheel voorkom.	Die kandidaat bring verskillende ontwerpelemente saam in ten minste twee ontwerp-kategorieë, maar party elemente ontbreek of bots, wat die skep van 'n samehangende teatergeheel voorkom.	Die kandidaat bring verskillende ontwerpelemente saam in ten minste drie ontwerp-kategorieë en met goeie resultate, wat tot die skep van 'n samehangende teatergeheel bydra.	Die kandidaat bring ontwerpelemente perfek saam sodat dit saam bydra tot 'n samehangende teatergeheel met groot impak en krag. Ontwerpelemente word oor drie of meer ontwerp-kategorieë gevind.	
Regisseur-/Teaterskep-notaboek	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n regisseurs-notaboek met bewyse van navorsing, vooraf- en finale tegniese planne en sketse soos beligting, klank, ens. met artistiese motiverings en die uitvoering van die plan in te lewer nie.	Die kandidaat lewer 'n regisseurs-notaboek in met beperkte en onvolledige bewyse van navorsing, vooraf- en finale tegniese planne en sketse soos beligting, klank, ens. met artistiese motivering en uitvoering van die plan.	Die kandidaat lewer 'n regisseurs-notaboek in met voldoende bewyse van navorsing, vooraf- en finale tegniese planne en sketse soos beligting, klank, ens. met artistiese motivering en uitvoering van die plan.	Die kandidaat lewer 'n regisseurs-notaboek in met volledige en insiggewende bewyse van navorsing, vooraf- en finale tegniese planne en sketse soos beligting, klank, ens. met artistiese motivering en die uitvoering van die plan.	Die kandidaat lewer 'n regisseurs-notaboek in met uitstaande, insiggewende en hoogs effektiewe bewyse van navorsing, vooraf- en finale tegniese planne en sketse soos beligting, klank, ens. met artistiese motivering en die uitvoering van die plan.	
Onderhoud	Die kandidaat daag nie vir die onderhoud op nie of beantwoord nie bevredigend op vrae deur die onderhoudspaneel gestel, nie.	Die kandidaat daag vir die onderhoud op; antwoorde op die onderhoudspaneel se vrae is beperk en dikwels nie bevredigend gemotiveer nie.	Die kandidaat se antwoorde op die onderhoudspaneel se vrae en navrae is voldoende en gedeeltelik bevredigend gemotiveer.	Die kandidaat se antwoorde op die onderhoudspaneel se vrae en navrae is insiggewend en goed gemotiveer.	Die kandidaat se antwoorde op die onderhoudspaneel se vrae en navrae is uitstaande, insiggewend en hoogs effektief gemotiveer.	

BYLAE M:

REGIE/TEATERSKEPPING		ASSESSERINGSINSTRUMENT				RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5	
PUNTE	0–7	8–13	14–19	20–22	23–25	
BESKRYWER	NIE BEHAAL NIE	GEMIDDELDE PRESTASIE	VOLDOENDE PRESTASIE	VERDIENSTELIKE PRESTASIE	UITSTEKENDE PRESTASIE	
